NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

14 November 2024

VAN: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering

AAN: Gemeentes
Predikante

**OMSENDSKRYWE 43/2024**

Broers en susters

## OPLEIDINGSGELEENTHEID: TUISVERSORGERS

Versorging van veral bejaardes in Suid-Afrika is besig om by die dag uitdagender te word. Wetgewing en ander nakomingsvereistes maak institusionele versorging meer en meer onbekostigbaar wat dit gevolglik buite die bereik van die gemiddelde lidmaat plaas. Om hierdie uitdagings die hoof te bied, het ons begin om te fokus op die opleiding van tuisversorgers.

Die opleiding is multidimensioneel en dit sluit, bo en behalwe bejaardes, ook onder andere die versorging aan persone met gestremdhede in asook korttermynversorging vir die herstel na operasies. Dit bied nie net ’n voordeel om versorging toeganklike en bekostigbaar te maak nie, maar open ook ’n nuwe werksveld en skep werksgeleenthede vir mense wat die opleiding ondergaan het.

Die opleiding is ’n gesamentlike inisiatief van Gemeentes Pretoria en Wonderboom-Suid, Ons Tuis, die Algemene Diakensvergadering en Rata Maatskaplike Dienste. Vir die opleiding vat ons hande met die opleidingsinstituut van Solidariteit Helpende Hand, terwyl die ds AJ Viljoen-trust kan help om die opleiding bekostigbaar te maak vir suksesvolle aansoekers by wyse van beurslenings.

Die opleidingskursus strek oor ses maande waartydens die teoretiese komponent afgewissel word met praktiese klasse wat by Ons Tuis verrig word. Die teoretiese klasse word aangebied by die Solidariteit Helpende Hand opleidingsinstituut in Garsfontein, Pretoria.

**Toelatingsvereistes**

* Afrikaanssprekend.
* Eie vervoer.
* Eie akkommodasie.
* ’n Besonderse liefde en empatie vir jou medemens.

**Kontakbesonderhede**

* Helpende Hand:

  ** 012 111 8360.
  ** www.helpendehandopleiding.co.za/versorgingsopleiding.
  ** Opedag: 25 Januarie 2025 te Solidariteit Helpende Hand opleidingsinstituut, David Langleystraat 433, Garsfontein, Pretoria.

*	Ds JA Viljoen-trust:

	**	081 000 5818.
	**	kantoor@kerkteendieberg.co.za.

Hiermee versoek die Kommissie van die ADV u vriendelik om behulpsaam te wees met die volgende:

1. Vertoon asseblief die aangehegte *PowerPoint*-aanbieding by u gemeente.

2. Versprei die inligting in gemeentes en aan lidmate op alle beskikbare media.

3. Moedig skoolverlaters en ander lidmate aan om in te skryf vir die kursus. Daar is geen ouderdomsbeperking nie.

4. Help, indien moontlik, met ander uitdagings wat studente beleef, naamlik:

   a. Verblyf in Pretoria, hetsy akkommodasie of ’n finansiële bydra ten opsigte van akkommodasie.
   b. Vervoer vanaf die akkommodasie na die opleidingsentrum in Garsfontein asook vervoer na die fasiliteit waar die student praktiese opleiding sal voltooi.
   c. Kontak mnr Pieter van der Walt van die opleidingsinstituut by die genoemde kontakbesonderhede indien u hiermee behulpsaam kan wees.

5. Bydraes tot die ds JA Viljoen-trust sal nog meer studente die geleentheid bied om ’n goeie kwalifikasie en kwaliteitopleiding te verkry.

Baie dankie vir u meewerking aan hierdie inisiatief om kwaliteitversorging beskikbaar te stel aan mense wat dit nodig het terwyl ons geleenthede skep vir mense om ’n goeie inkomste te verdien.

Saam in diens



**Ds Gerhard Stoltz**
***Sekretaris: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering***

012 322 8885
gerhard@nhk.co.za

***Ons dien, gehoorsaam aan God.***